Gereelde vrae

1. **Is Bosveld Akademie Privaatskool 'n geregistreerde Privaatskool?**

   Ons aansoek is ingedien by die betrokke onderwysdepartement. Ons is geregistreer by die BCVO wat geregistreer is by die onafhanklike eksamen owerheid Umaluzi wat weer op sy beurt geregistreer is by die Departement van Onderwys. Ons bied die nasionale kurrikulum aan soos voorgeskryf deur die Departement van Onderwys – met trots kan ons sê dat die kurrikulum wat ons aanbied verryk is.

2. **Wat is skoolfondse vir 2010?**

Skoolgelde is opgedeel in 12 paaiemente en is maandeliks vooruitbetaalbaar. 'n Eenmalige registrasie fooi van R200.00 is betaalbaar vir alle **nuwe leerling inskrywings**.

Fase	Jaarlikse totaal	Maandelikse paaiement x 12
Gr 000-0 (halfdag)	R12,000.00	R1,000.00
(voldag)	R15,600.00	R1,300.00
Gr 1 – 12	R14,400.00	R1,200.00
2de kind	R13,200.00	R1,100.00
alle ander kinders	R12,000.00	R1,000.00

3. **Naskoolsentrumtariewe en tye**

   Die naskoolsentrumtye is tot 17h30. Koste per maand beloop R300.00 per leerling per maand.
   Die koste per eenmalige gebruike of by geleentheid is R50.00 per leerling. Kospakkies moet deur ouers voorsien word.

3.1 Naskoolsentrumfooie en tye tydens Maart en Junie vakansies;

'n Dag word opgedeel in 2 sessies wat as volg saamgestel word:
sessie 1 - 07h30-13h30 beloop R300.00 vir die volle vakansietyd
sessie 2 - 13h30 - 17h30 beloop R300.00 vir die volle vakansietyd

- Indien leerlinge by geleentheid van die fasiliteit wil gebruik maak beloop die koste R50.00 per sessie of R100.00 per dag.
- Indien die leerling van al twee sessies gebruik gaan maak sal die Naskoolsentrumtarief R600.00 beloop vir daardie betrokke vakansie.

September vakansies:
sessie 1 - 07h30-13h30 beloop R150.00 vir September
sessie 2 – 13h30-17h30 beloop R150.00 vir September

- Indien leerlinge by geleentheid van die fasiliteit wil gebruik maak beloop die koste R50.00 per sessie of R100.00 per dag.
- Indien die leerling van al twee sessies gebruik gaan maak sal die Naskoolsentrumtarief R300.00 beloop vir die September vakansie.

3.2 Desembervakansie

Die naskoolsentrum sal oop wees tot en met 15 Desember 2009 en weer heropen op 4 Januarie 2010.
Die naskoolsentrum tye is steeds soos uiteengesit in 3.1. Omdat dit uitwerk op slegs 'n halwe maand is tariewe soos volg aangepas:
sessie 1 - 07h30-13h30 beloop R150.00 vir Desember
sessie 2 – 13h30-17h30 beloop R150.00 vir Desember

- Indien leerlinge by geleentheid van die fasiliteit wil gebruik maak beloop die koste R50.00 per sessie of R100.00 per dag.

4. Pre-Primêre fase

4.1 Skoolure vir pre-primêre fase is vanaf 7h30 tot 12h30.
Toesig vir voldag inskrywings is tot 17h30 smiddae.

Ons onderrigtaal is **Afrikaans.** Klem word egter gelê op die belangrikheid van tweetaligheid.

5. Watter grade word ge-akkommodeer?

Ons akkommodeer vanaf 2010 kleuters vanaf ouderdom 3 (die jaar waarin die kleuter vier jaar oud word). Die nuwe skoolgebou is so ingerig dat die kleuterskool eenkant van die res van die skool is. Fasiliteite en apparaat vir optimale ontwikkeling is deel van die kleuterskool.

6. Hoe doen ek aansoek?

Die aansoekvorms kan gevind word onder Administrasie op ons webwerf. Dit moet volledig ingevul word en persoonlik afgegee word by die skool.

7. Word sport aangebied?

Kortom: Ons neem kompeterend deel in atletiek, rugby, netbal, hokkie, skaak, landloop en krieket. Leerlinge wat uitblink neem tot op nasionale vlak deel. Van ons leerlinge is verkies vir die 2009 0/17 Tabokspan wat na Frankryk getoer het . Ons moedig leerlinge aan om deel te neem en te presteer. Beplanning vir sportklinieke (atletiek, rugby, krieket, netbal en hokkie) is reeds goed op dreef vir 2010.

8. Kan my kind verder gaan studeer?

U kind ontvang onderwys van hoogstaande gehalte by Bosveld Akademie. Die Nasionale Kurrikulum soos bepaal deur die Onderwysdepartement word aangebied alhoewel ons tog ook ’n verrykte kurrikulum by volg – wat ons standaard van onderwys ondersteun. Leerlinge met die regte vak kombinasies (soos by enige openbare skool) kan na enige Universiteit, Kollege of Technikon van hul keuse gaan. Ons skool asook ander lid skole het reeds oud-leerlinge opgelewer wat puik presteer in onder andere medies, teologie, onderwys en ingenieurs rigtings. U kind ontvang twee Matrieksertifikate by Bosveld Akademie; ’n Umaluzi Senior Sertifikaat en ‘n BCVO Senior Sertifikaat.
Kinders in hoër grade word toenemend ge-evalueer voordat aansoeke goedgekeur word.